VERJAARDAGTEE

Kom geniet asseblief na die diens, die 1ste semester verjaardagtee saam met almal wat die 1ste deel van die jaar verjaar.

VERGADERINGS

24/2 – OBR (Omgee)
26/2 – UBR (Uitreik)
27/2 – GBR (Groepe)
2/3 – EBR (Erediens)
4/3 – ABR (Admin)
9/3 - Ouderling

Alle vergaderings begin 18:00

SUSTERSAAMTREK

Die Sustersaamtrek vind plaas 7 Maart by Meyerton. Almal wat belangstel moet by Jacqueline bespreek en betaal. Kostes beloop R130.00 per persoon. Sy wil sommer 'n groepbespreking maak, so almal kan voor 17 Februarie met haar kontak maak, sy wil die bespreking die 17de deurgee.

Vlamvat!

IS JY 'N WAPENDRAER?

Moenie die volgende 5 Sondae misloop nie!!

WAPENDRAERSONDAG: 15 MAART 2020

VERJAARSDAE

02/09	Surett	Groenewald	Belydend		0725361514
02/13	Alet	Koekemoer	Belydend		0767338019
02/13	Gerhard	Steenkamp	Belydend	0844877827	0824415128
02/14	Heather	Geldenhuys	Belydend	0169766123	0826971778
02/15	Marius	Jacobs	Belydend		0828091003

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16

Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

9 Februarie 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK A
Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: Ekumenisiteit

MEELEWING

- Pierre Erasmus (0834556921) ondervind probleme met die dialise wat hy ontvang
- Frik Muller (0833265000) gaan vir nog verdere ondersoeke by 'n hartspesialis
- PJ Gouws (0794928404) sterk nog aan na sy angiogram en 2 stents wat hy gekry het
- Freda Redelinghuys (0826595523) se Moeder is ernstig siek
- Martha Olivier (0716757573) moet vir 'n operasie gaan om 'n kankergewas te laat verwyder
- Ons dink ook aan Johanna Grové (0823437490) se 2 kleinkinders wat 'n besigheid in tuinversiering begin. Sterkte.
- Ons bid ook vir Martie Hamman (0829245519), en ook almal wat deur stresvolle en moeilike tye beweeg.

Tema: In 'n gesonde gemeente is daar ware bekering by die gemeente en individue.

Woordbediening

Open. 2:1-5, 2
Sam 12:7-16 & Ps. 51 (83 AV)
Kernverse: Open. 2:4-5,
Ps. 51:18-19 (83 AV)

A: Inleiding

1. 'n Gemeente en individue se liefde vir die Here kan verkoel. (Open. 2:4)
2. Jesus se oplossing vir verkoelde liefde: Onthou die verlede, **bekeer julle**, en doen weer die dinge wat julle aan die begin gedoen het. (Open. 2:5)
3. In die vlamvatproses gryp ons vas aan hierdie oplossing van Jesus, en fokus vandag op **bekering**.

B: Wat is valse bekering?

1. Jy is nie gepla oor die sonde self, en wat dit aan God se hart doen nie.
2. Jy is meer gepla oor die gevolge van jou sonde.
3. Die sondes word nog toegesmeer.
4. Daar vind geen hartsverandering plaas nie.

C: Wat is ware bekering?

1. Erkenning van jou sonde, asook teen Wie dit begaan is. (12 Sam. 12:13. Ps. 51:5-7)
2. Ware berou en verootmoediging oor die sonde. (12 Sam. 12:16, Ps. 51:19)
3. Die begeerte dat jou sonde uitgewis moet word. (Ps. 51:3, 9 & 11)
    a. Jy begin die sonde in jou lewe (verlede en hede) haat. (Ps. 97:10. 101:3)
    b. Hoekom die Here ook die sonde in jou lewe haat? (Ps. 51:13)
4. Jy smag weer na die vreugde van verlossing. (Ps. 51: 10, 14).
5. Jou vreugde van verlossing loop oor in nuwe toewyding aan die Here (Ps. 51:14)

D: Ware bekering is net moontlik deur Jesus se werk, en deur die Heilige Gees se werk in my.

1. Dawid besef al in die Ou Testament ware bekering is God se werk (Ps. 51:12)
2. Hoe werk God ware bekering?
    a. Ons wortelbekering of wedergeboorte word moontlik gemaak deur Jesus se kruisdood en opstanding. (Kol. 2:12-13, Kol. 3:1-3).
    b. Die Heilige Gees help ons in ons daaglikse bekering of daaglikse stryd teen die sonde.

Vlamvat!

Sien jou daar!

GEESTELIKE FONDASIE DAGSEMINAAR

SATERDAG 15 FEBRUARIE 2020

8:30 - 15:30

By die kerk, Bespreek voor 10 Februarie by Colleen 082 855 4769, bring 'n pen en jou Bybel

Hieronder is 'n uiteensetting van die verloop van die dag. Onthou om jou naam vir Colleen deur te gee!

8:30 **Aankoms: Koffie & Beskuit**
9:00 **Verwelkoming & Gebed** **Ds Marcel**
9:10 **Inleiding:** **Gesonde Gemeente – Lewe en Oorvloed** **Ds Richard**
Oorsig oor die Konferensie *Embers to a Flame* en die Proses *Fanning the Flame*
9:45 **Fondasie 1:** **Christus ons Alles in Alles** **Ds Richard**
Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fundament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. 1Korinthiërs :10,11
10:45 Tee/koffie
11:00 **Fondasie 2:** **God bo Alles ons Passie!** **Ds Richard**
Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die Here jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang.
12:00 Groepbespreking
12:30 Middagete
13:15 **Fondasie 3:** **Verstaan Genade! Bou op Genade!** **Ds Richard**
Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel. Efesiërs 2:8-10
14:00 Groepbespreking
14:20 **Fondasie 4:** **Christen & Gemeente!** **Ds Richard**
En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul. Efesiërs 1:22,23
15:00 Groepbespreking

15:20 **Afsluiting** **Ds Marcel**